# 'n Nuwe Rigting in die Dosering van die Geskiedenis

deur

M. C. VAN ZYL

ONDERRIG in Militêre Geskiedenis het in die opleidingsprogramme van die weermagte van die wêreld en ook in dié van die Suid-Afrikaanse Weermag, steeds 'n prominente plek ingeneem. Om hierdie onderrig as *nuut* te bestempel is dus in der waarheid onjuis. Nogtans kan dit ook nie as verkeerd beskou word om dit 'n *nuwe* rigting te noem nie, want die Militêre Geskiedenis het as vak eers met die stigting van die Militêre Akademie 'n paar jaar gelede en die erkenning daarvan as 'n volwaardige graadvak, tot sy volle reg in Suid-Afrika gekom. Aspirant weermagoffisiere geniet tans die voorreg om Militêre Geskiedenis vir die graad Baccalaureus in Krygskunde aan die Militêre Akademie te volg. Dit kan dus met reg as 'n *nuwe* rigting in die dosering van die geskiedenis in Suid-Afrika beskou word.

Dit sou 'n onbegonne taak wees om die Militêre Geskiedenis presies af te baken. In 'n breë sin is die vak 'n studie van oorlog in die verlede. 'n Nadere beskouing is egter nodig om min of meer aan te toon wat die vak behels en watter studie-metode toegepas word.

Militêre Geskiedenis kan nie van die geskiedenis in die algemeen losgemaak word nie. Die genetiese beskouing word steeds voor oë gehou, anders kan dit nie as geskiedenis nie, maar eerder as krygskunde bestempel word. Dit is dus nie slegs 'n afgekapte studie van oorloë en gewapende botsings nie, maar daar word steeds gestreef om ontwikkeling aan te toon en om die historiese verband te bewaar. Om hierdie rede word byvoorbeeld nadruk gelê op die ontwikkeling van wapentuig en die uitwerking daarvan op oorlogvoering deur die eeue.

In teenstelling met die geskiedenis in die algemeen, aanvaar die student van Militêre Geskiedenis sekere wette of riglyne, genoem die ***beginsels van oorlogvoering***. Hierdie beginsels het deur die eeue van krag gebly en selfs die feit dat wapentuig van die knopkierie na 'n geleide projektiel ontwikkel het, het nie die egtheid daarvan in twyfel kon trek nie.

Die aanvaarding van hierdie beginsels in die Militêre Geskiedenis en die toepassing daarvan op alle gewapende botsings, verleen aan die vak 'n pragmatiese karakter. Die student van die vak soek na 'n les. Hy probeer vasstel waarom een aanvoerder 'n veldslag gewen het en die ander een dit verloor het. Hy pas die beginsels van oorlogvoering toe om dit te bepaal. Daardeur bou hy 'n gesonde insig op wat hom in 'n toekomstige botsing handig te pas kan kom. Deurdat hy die ontwikkeling in oorlogvoering egter chronologies bestudeer het, besef hy terdeë dat 'n gebeurtenis hom nie kan herhaal nie. 'n Moderne veldslag kan dus nie op die patroon van 'n gewapende botsing uit die verlede

gevoer word nie. Die student is gedurig daarvan bewus dat die wapentuig sedertdien verander het en dat tyd, plek, weersomstandighede en dies meer, nooit weer dieselfde kan wees nie. Hy word dus nie 'n slaafse navolger van 'n Napoleon of 'n Von Moltke nie, maar deur hulle te bestudeer en 'n konstruktiewe denke oor die verlede en oor die ontwikkeling wat in die toekoms mag plaasvind, op te bou, kan hy hom vir 'n toekomstige botsing voorberei. Die soldaat wat die vak bestudeer, soek dus na iets wat hom in sy loopbaan kan help.

Die waarde van Militêre Geskiedenis vir die soldaat kan nie en is nog nooit in twyfel getrek nie. Die oorlogsveld is natuurlik die beste plek om ondervinding op te doen, dog waar dit ontbreek, kan hy hom tog vir sy beroep bekwaam deur die oorlogsondervinding van andere met behulp van die beginsels van oorlogvoering krities te bestudeer.

Dis nie nodig om volledig op die beginsels van oorlogvoering, wat so 'n belangrike rol in die dosering van Militêre Geskiedenis speel, in te gaan nie. Dis egter essensieel dat die student van die vak 'n volledige en deeglike studie daarvan maak. Hier word slegs kortliks op 'n paar voorbeelde gewys om die belangrikheid daarvan aan te toon.

Een van die belangrikste beginsels van oorlogvoering word *verrassing* genoem. Die aanvoerder wat sy vyand kan verras, het altyd 'n beter kans om sukses te behaal. Hy kan byvoorbeeld sy vyand op 'n gevoelige front tref, waar hy dit nie verwag het nie, of hy kan hom met 'n nuwe wapen verras. Om verrassing te bewerkstellig is egter nie so maklik as wat dit lyk nie. Daar is essensiële vereistes wat nagekom moet word, byvoorbeeld deeglike beplanning en strenge geheimhouding. Dis ook van belang dat die verrassing benut moet word. Toe generaal Colley met die slag van Amajuba daarin geslaag het om die kruin van Amajuba ongesiens te bereik, het hy wel die Boere-kommando's op Laingsnek verras, maar hy het verder niks gedoen om die verrassingselement voordelig te benut nie. Op sy beurt is hy verras deur die klompie burgers wat die skynbaar onbeklimbare bergreus bestyg het en verwarring onder Colley se slapende troepe veroorsaak het.

'n Ander beginsel wat hier genoem kan word, is *sekuriteit* of beveiliging. Dit is die aanvoerder se plig om vir die sekuriteit of veiligheid van sy onderhoriges te sorg. As hy byvoorbeeld verrassing beplan, moet hy nie beveiliging uit die oog verloor nie. Hy moet verseker dat dit nie 'n opportunistiese waagstuk is, waardeur hy die lewens van al sy onderhoriges op die spel gaan plaas nie. Om dit te kan doen, moet hy dus ook oor kennis van die vyand se doen en late beskik. Die slag van Amajuba kan nogeens as 'n voorbeeld dien. Colley het nie al sy troepe gebruik om Amajuba te bestyg nie. Hy het die meerderheid van sy troepe op Mount Prospect agtergelaat om sy belangrike verbindingslyn met Newcastle oop te hou. Op sy omweg na die bergkruin het hy ook twee stellings beset om die verbinding met sy hoofmag op Mount Prospect te beskerm. Colley het ook oor kennis van sy vyand beskik. Hy het onder andere geweet dat daar bedags brandwagte op Amajuba geplaas word, maar dat hulle snags na die laer terugkeer. Gevolglik is Amajuba

gedurende die nag bestyg. Wat sekuriteit betref, het Colley dus die vereistes nagekom, maar hy het ander beginsels verwaarloos, wat vir hom vernietigende gevolge gehad het.

Hierdie twee voorbeelde behoort die belangrikheid van die beginsels van oorlogvoering te illustreer. Hoe meer beginsels die veldheer kan toepas, hoe beter is sy kanse op sukses. Deur gewapende botsings aan hierdie beginsels te toets, kan die student van Militêre Geskiedenis 'n duidelike begrip kry van die vereistes waaraan 'n aanvoerder op die slagveld behoort te voldoen.

Om 'n deeglike studie van 'n spesifieke veldslag te kan maak, is dit van belang dat die student oor al die besonderhede moet beskik. Hy moet weet wat die sterkte van die magte was, waar stellings ingeneem is, watter wapens gebruik is en hoe dit geplaas was (byvoorbeeld kanonstellings), hoe en waar kontak tussen die botsende magte gemaak is, ens. Selfs 'n nietige gebeurtenis kan ernstige gevolge oplewer. Tydens die Eerste Wêreldoorlog het een van die Suid-Afrikaanse generaals in Oos-Afrika byvoorbeeld 'n muil verloor — die muil het van 'n krans afgestort. Op die oog af lyk dit na 'n nietigheid. Nadat die betrokke generaal egter met die vyand kontak gemaak het en met 'n ander Suid-Afrikaanse aanvoerder in verbinding wou tree, moes hy tot sy ontsteltenis ontdek dat die enigste radio waaroor hy beskik het, deur die muil wat die dieptes afgestort het, gedra was. Die feit dat die muil verongeluk het, het die beplanning van die geveg en ook die afloop daarvan beïnvloed. Volledige besonderhede is dus nodig. 'n Kaart van die oorlogsterrein is ook 'n handige hulpmiddel.

Die dosering van Militêre Geskiedenis het sy besondere probleme. Die Europese Militêre Geskiedenis is besonder goed verantwoord en die dosent het voldoende materiaal tot sy beskikking om sy taak suksesvol te verrig. Die dosering van die vaderlandse Militêre Geskiedenis, veral oor die tydperk wat die Tweede Vryheidsoorlog voorafgegaan het, is heelwat moeiliker, omdat ons militêre geskiedskrywing 'n groot agterstand het om in te haal. Die meeste historici verwys na 'n sekere veldslag en noem terloops 'n paar besonderhede. Dit kan hulle nie kwalik geneem word nie, want hulle het immers nie Militêre Geskiedenis geskryf nie. In ander gevalle is pogings aangewend om Militêre Geskiedenis te skryf, maar gebrek aan 'n militêre agtergrond, waarvoor die geskiedkundiges ook nie blameer kan word nie, het die nuttigheid van hierdie werke vir die dosering van Militêre Geskiedenis geskaad. Die navorsingsveld oor ons eie Militêre Geskiedenis lê braak en ons kan alleen die hoop uitspreek dat navorsers dit in gedagte sal hou. Daar het reeds verdienstelike werke verskyn, dog dis heeltemal ontoereikend vir 'n deeglike studie van ons eie militêre verlede.